Verwysing: 20170113-7261
12/2/11/1
Navrae: WJ Mercuur

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0005/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Vakadviseurs en Prinsipale van sekondêre skole

Onderwerp: Ondersteuning vir VOO-leerders gedurende 2017 via telematiese platform en direkte stroomuitsending

1. Gedurende die tydperk van Februarie–November 2017 bied die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) lesuitsendings via 'n interaktiewe telematiese platform (lesse word via satelliettegnologie uitgesaai) aan.

2. Oor die afgelope paar jaar is hierdie lesse hoofsaaklik vir graad 12-leerders aangebied en daar is dus 'n waardevolle en uitgebreide databasis oor die graad 12-inhoud vir sommige vakke gevestig.

3. Die fokus vir 2017 sal op graad 10 en 11 wees, sien paragraaf 7 hieronder.

4. Die uitsendings in 2017 sal egter graad 12 vir sekere vakke insluit, nl. Engels Huistaal (HT), Engels Eerste Addisionele Taal (EAT), Afrikaans Huistaal (HT) en Geskiedenis.

5. Hierbenewens sal professionele ontwikkelingsessies vir Engels en Afrikaans Taal-onderwysers aangebied word.

6. Aangesien die rooster 'n aantal vakke en verskillende grade insluit, is dit belangrik dat onderwysers en leerders die rooster baie sorgvuldig volg.

7. Die volgende vakke sal aangebied word:

- Engels EAT (graad 12)
- Engels HT (graad 12)
- Fisiese Wetenskappe (graad 10 & 11)
- Rekeningkunde (graad 10 & 11)
- Geografie (graad 10 & 11)
- Afrikaans HT (graad 12)
- Geskiedenis (graad 12)
- Lewenswetenskappe (graad 11)
- Besigheidstudies (graad 10 & 11)
- Wiskunde (graad 10 & 11)

8. Die aangehegte Bylae A verskaf die rooster van lesse en onderwerpe.

9. Die onderwerpe van die lesse sal gedruk word in die leerderboekies, wat aan elke leerder in elk van die sewe vakke verskaf sal word. Prinsipale moet by die VOO-koördineerder in hul distrik navraag doen indien die graad 11-boekies teen Woensdag, 01 Februarie 2017 nog nie by hul skole afgelewer is nie. Die boekies vir graad 10 en 12 sal later in die eerste kwartaal afgelewer word.

10. Die aanbieders is leidende onderwysers wat vir hul kundigheid in hul vakke gekies is.

11. Aangesien lesse ná skool gedurende die week aangebied word, is dit belangrik dat prinsipale reëlings met die ouers van die leerders, en hul beheerliggame bespreek.

12. Leerderbywoning sal gereeld deur Hoofkantoor en distriksamptenare gemonitor word.

13. Daar sal van prinsipale verwag word om kwartaalliks verslag te doen oor die bywoning van leerders en die suksesse of probleme wat met die program ondervind word.

14. In 2016 is 'n projek in tien skole geloods waar lesse via direkte stroomuitsending uitgesaai is. Dit is deur die breëband internetdienste in WKOD-skole moontlik gemaak. Skole wat nie satelliettegnologie het nie, maar wat toegang tot die breëband internetdienste het, word aangemoedig om van hierdie gratis en uitstekende onderrigprogram gebruik te maak. Hierdie uitsendings en die verwante bronmateriaal kan via http://wced.school.za/documents/Telematics/telematics.html verkry word. Skole wat toegang tot die direktestroomuitsendinglesse wil geniet, moet registreer deur die google-vorm by https://goo.gl/forms/027fKIZJRltwlUoq1 teen 23 Januarie 2017 te voltooi.

15. Moenie huiwer om dr G Schreuder by 021 467 2576 of e-posadres glynis.schreuder@westerncape.gov.za te kontak indien u enige navrae oor hierdie inisiatief het nie.

16. Kandidate wat die Nasionale Senior Sertifikaat- Aanvullende Eksamen skryf, kan ondersteuningslesse op DVD's teen 'n nominale prys by die WKOD aankoop deur Edumedia by 021 689 9536 te kontak. Sien katalogus aangeheg as Bylae B.

17. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel, graad 10-, 11- en 12-leerders en hul ouers of voogde te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-01-18